Verslagwaardig: Ja/Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja/Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja/Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling / Northern Cape Division)

***SAAKNOMMER:615/2001***

***DATUM GELEWER:05-10-2001***

In die saak van:

**DIE STAAT**

teen

**DAWID RAADT** **Beskuldigde**

***Coram: MAJIEDT R***

## *HERSIENINGSUITSPRAAK*

***MAJIEDT R:***

1. In hierdie aangeleentheid gee die landdros toe dat die verrigtinge nie volgens reg geskied het nie en word versoek dat die saak terugverwys word vir die behoorlike nakoming van artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet.

2. Die beskuldigde het tereg gestaan op ‘n aanklag van aanranding met die opset om ernstig te beseer. Hy het skuldig gepleit en is, na ondervraging ingevolge artikel 112(1)(b), skuldig bevind soos aangekla en gevonnis tot 18 maande

gevangenisstraf.

3. Buys R het op hersiening as volg navraag gedoen: -

> *"Moes die beskuldigde nie die wederregtelikheid van sy handeling erken het nie?*
> *Hoe was dit moontlik om 'n gepaste vonnis op te lê as daar nie by die beskuldigde uitgevind is waarom hy die klaer met die mes gesteek het nie?"*

4. Nêrens tydens die artikel 112(1)(b) – ondervraging is die aspek van die wederregtelikheid van die beskuldige se daad met hom opgeneem nie. Die beskuldigde het slegs erken dat hy die klaer 'n steekwond teen die nek toegedien het en dat hy die opset gehad het om die klaer ernstig te beseer.
Al die wesenlike elemente van die misdryf is gevolglik nie erken nie en is die skuldigbevining regtens onontvanklik.

5. Dit is verontrustend dat daar nooit aan die beskuldigde gevra is wat daartoe gelei het dat hy die klaer met die mes gesteek het nie. Só 'n vraag is tog van kardinale belang by die oorweging van 'n gepaste vonnis. Erger nog – die Staat het 'n mediese beampte, Dr. van Rensburg, se getuienis gelei ter verswaring van vonnis. Die landdros moes ten minste die onverteenwoordigde beskuldigde bygestaan het deur te verneem het van hom waarom hy aldus opgetree het – veral

waar die beskuldigde verkies het om nie enige vrae aan die dokter te stel nie.

**Die skuldigbevindig en vonnis word tersyde gestel en die saak word ingevolge art. 312(1) van die Strafproseswet terugverwys na die landdroshof vir die behoorlike nakoming van die bepalings van artikel 112(1)(b) van die voormelde Wet**

S.A. MAJIEDT

REGTER